## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Pieter | Gerber | 01/18 |
| Elretha | Joubert | 01/18 |
| Babs | Steyn | 01/18 |
| Jasper | Verster | 01/18 |
| Kobus | Blom | 01/19 |
| Anna | Visser | 01/20 |
| Heléne | v Rensburg | 01/21 |
| Eulise | Parsons | 01/22 |
| Marelize | Roux | 01/22 |
| Lossie | Gerber | 01/23 |
| FC | jv Rensburg | 01/23 |
| Lynette | v Schalkwyk | 01/23 |
| Sarie | Weller-Blaber | 01/23 |
| André | Hugo | 01/24 |
| Claas | van Wyk | 01/24 |

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

18 Januarie 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Alta du Toitskool
**Donderdag**
10h00 Alle versorgers kom byeen in Struisbaai

**Sondag 25 Januarie**
09h30 Struisbaai
Nagmaal
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Instituut vir Blindes
**Vrydag**
Jeugfunksie

## DISSIPELSKAPKURSUS

Stuur 'n WhatsApp na ds. Franziska @ 0820558921 om by 'n tydelike groep aan te sluit vir die DISSIPELSKAPKURSUS.
Dit begin hierdie week. Jy kan Woensdae of Donderdae kom.
Bybelstudiemateriaal vir persoonlike stiltetyd en die groepsvrae vir die weeklikse Bybelstudiegroep is by Erna by die Kerkkantoor te kry.
Gee net jou naam en e-posadres of WhatsAppnommer op by die Kerkkantoor (Di.-Do. van 08h00 tot 12h00) @ 0284356789.
Die kursus strek oor 5 weke met as temas: Kind van God, Lees die Bybel, Verhouding met God, Skud sonde af & Heilige Gees.

**NUWE LIDMATE**
Ons verwelkom belydende lidmate Peet en Karin Crous van NGk Lynnwood,
Jannart, Yolande, dooplidmate Stander, Larike en Wentzel Kreder van NGK Florauna.

**Teksvers**- Genesis 21:22

God is by jou in alles wat jy aanpak.

## Ons bid vir…

1. Reën om verligting te bring vir ons dorpe en plase.
2. Brande wat moet ophou en al die brandweermanne en ander helpers wat die vure moet blus.
3. Al die bedrywighede in ons gemeente wat nou weer begin.
4. Nuwe koorlede.
5. Rus en vrede vir almal wat swaarkry.
6. Nuwe intrekkers, dat hulle tuis en gelukkig sal wees in ons gemeente.

**DANKIE VIR:**

1. Die Dissipelskapkursus wat hierdie week begin.
2. Kategete wat bereid is om ons kinders te onderrig.
3. Entoesiastiese amptenare en kerkraadslede.
4. U teenwoordigheid in ons lewens.

***Basaar "Na-verkope"***

*Die volgende produkte wat nog na die basaar oorgebly het, word Maandag 19 Januarie vanaf 8:30 tot 9:30 vanuit die voorportaal van die NG Kerk (Struisbaai) verkoop: Groot gevriesde skaapvleispasteie @ R140 Skaapkerrie van ongeveer 5kg @ R100 per kg. Kaartfasiliteite is beskikbaar. Indien jy vooraf wil bestel, kontak vir Max Michau (0835571300)*

**SPESIALE KOLLEKTE - ALTA DU TOIT**

Leerders met intellektuele uitdagings, uit verskillende kulture en agtergronde, wat nie baat vind by hoofstroom-onderwys nie, word na die Alta du Toitskool gestuur. Hier word leerders voorberei vir hulle lewensreis, met inagneming van elke individu se behoeftes. Gespesialiseerde, professionele onderrig word aangebied.
Daar vind hulle 'n ondersteunende, verrykende omgewing, waar elke leerder se potensiaal ontwikkel word en die groei van elke personeellid aangemoedig word.

**STRAATWERK** "2 min noodles en cup of soup" vanaf Suidpunt gemeente na die gangetjies en stegies van die stad. 'n Warm koppie sop of 2 min noodles maak die lywe warm en die harte oop om die Goeie Nuus van Jesus Christus te hoor. Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting.

# Doen & Deel

## MANNEBYBELSTUDIE

Vrydae om 07h30.
Hier kan jy met mans met soortgelyke waardes kontak maak. Jy kry die geleentheid om dieper in die Bybel te delf, lekker besprekings te hê en om mekaar te ondersteun in die geloofsreis. BRING JOU BYBEL SAAM. Dit word in die konsistorie in STRUISBAAIKERK gehou.
Kontakpersoon: Dolph vd Merwe @ 0832333088.

## NAGMAAL - NOODSPENS

Bring op 'n Nagmaalsondag (25 Januarie) nie-bederfbare kruideniersware, toiletware en/of skoonmaakmiddels kerk toe vir ons NOODSPENS. Bring net wat jy kan. Daar is mandjies in die kerk se portaal. Ons vier almal saam om 09h30 in Struisbaaikerk NAGMAAL.

## HIGH TEA/DAMESOGGEND

Dames, merk solank Saterdag, 7 Maart, se datum. Meer hieroor later. Dink solank wie jy kan saambring (Mans mag ook maar kom).

## KOOR - SLUIT AAN!

HOEKOM?
1. STRESVERLIGTING - Dit kan super terapeuties wees om sommer net te ontspan en mooi wysies aan te leer saam met ander mense.
2. SOSIALE KONNEKSIES - Jy word deel van 'n gemeenskap wat op harmonie ingestel is (letterlik en figuurlik) en wat mekaar ondersteun.
3. ASEMHALING & POSTUUR - Ons doen stemoefeninge wat wonderlik is vir jou algemene gesondheid.
4. SELFVERTROUE - Om saam met ander op te tree, kan jou help om jou verhoogvrees te bowe te kom en vir jou selfvertroue te gee.
5. KOGNITIEF - Sing kan geheue en geestesgesondheid verbeter- WEN-WENSITUASIE!

Ons koorlede geniet dit en ons arms is wawyd oop vir almal wat lief is vir sing.
Die eerste KOOROEFENING is op DONDERDAG, 22 JANUARIE, om 15h30 in STRUISBAAIKERK.
KONTAKPERSONE:
Christa-Marié Williams @ 0825562850 & Karin Michau @ 0723476568.